

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 80 12 Februarie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Die liefde

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie ... En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

Baie mense kan hierdie woorde uit 1 Korintiërs 13 amper *verbatim* aanhaal. Selfs in die era waarin die goeie gebruik van teksverse memoriseer in onbruik geraak het. Die liefde word gevier in die meeste kulture. En tog so baie verkeerd verstaan en verkeerd gebruik.

Ware liefde kom van God. God het ons eerste liefgehad. So lief dat Sy Seun vir ons mens geword het om te verseker dat ons ewig by Hom kan wees. Ons as mense spartel maar met liefde reg verstaan en uiteleef.

Die liefde was van die begin af oop vir misverstand, van daardie eerste dag af toe Adam (wat stroomaf gestaan het) vir Eva geroep het; 'Eva, ek het jou *leaf!*'

Dit is alweer Valentynsdag en die groep wat hierdie geleentheid met die grootste 'liefde' benader is diegene in die kleinhandel- en reklame bedryf wat lief is vir wins en selfs iets so edel soos liefde sal vervorm tot 'n winspersentasie.

In dieselfde koor wat mense beswymel sodat hulle geld sal spandeer, is die vermaaklikheidsbedryf, veral televisie se minnegod. Cupido, of Amor, ook bekend as Eros, skiet sy pyltjies wild en wakker. Hulle wil die illusie skep dat almal wat getref word, onwillekeurig slawe van die liefde word.

'n 'Liefde' wat alles regverdig en in diepste wese selfsugtige selfbevrediging bevorder, en dit staan teenoor ware liefde.

In die vermaaklikheidsstratosfeer skiet Amor die pyle. Eros se pyltjies verwek nie net 'liefde' nie, maar heilig ook die teikens en hulle handeling. Oorweldig deur die 'liefde' dans mense die passies wat hierdie wilde liefde oproep, en omdat dit Eros pyle is, is hulle optrede 'regverdig, edel en rein'.

Die magiese van die Eros pyle lê na bewering daarin dat dit alle liefde moontlik maak. En telkens eindig die liefdespad by die seksuele uiteleef van die betowering. Dit is 'liefde' en daarom geregverdig, is die rasionaal.

Ons sien hoe tieners (hul is nie eens seksueel volwasse nie), seksueel aktief raak. Mense wat mekaar gister nie geken het nie, se seksuele eskapades word vandag eksplisiet vertoon, ja sonder die respek en veiligkoesterende liefdesband.

Die band van die huwelik is vir hierdie liefde ook maar 'n vae lyn en egbreuk word

gelegitimeer deur 'ware liefde". Dieselfde geld onder andere homoseksuele daade en bloedsbande. Liefde word die souse wat die vrot van die sondige mens moet bedek en regverdig.

Ons weet dit kan nie hou nie. Ons weet ook dat ons as Christene weet wat ware liefde is en dit kan uitleef omdat ons dit ervaar. Ons weet dat ons die grense van liefde ken. Ons word tog ook soms raakgevang in die ruising van menswees, maar in Christus word ons nie meegesleur nie.

Ons kan die liefde met al sy nuanses waardeer as opdrag en as geskenk. Ons kan ook aan paartjies 'n goeie Valentynsdag toewens, sonder om in die moerasagtige web van losbandigheid en vervlakking rond te ploeter. Liefde is nie die souse wat enige optrede regverdig nie. Liefde is die motivering wat maak dat ons ander hoër ag as onself. Liefde is nie selfbevrediging nie, dit is die opbouwende gee van die self.

Daai blaartjie kan ook maar net soveel bedek!

BERIGTE

- Soos reeds berig, gaan ds Johan van Wyk aftree en net deelyds by gemeentes werksaam wees. Die uittreepreek van ds Johan van Wyk sal plaasvind vanuit die Hervormde Kerk Rustenburg DV op Sondag 28 Februarie 2016 om 11:00 in die kerkgebou te Waterkloof. Lidmate word na die geleentheid uitgenooi. Indien enige GHG leraars van plan is om die geleentheid by te woon, moet hulle voor 25 Februarie bevestig dat hulle die verrigtinge gaan bywoon. Kontak Mari Wieneke by nhkruse@telkomsa.net

- Ons het met trots kennis geneem dat een van ons teologiese studente, Anke Eckard, verkies is as die voorsitter van die Studenteraad van die APA. Ons wil haar

graag van harte gelukwens met die mooi prestasie, en haar alles van die beste toewens.

- Ds Frans Oosthuizen van Pietersburg het die beroep na Meyerspark aanvaar. Hy sal DV op 13 Maart 2016 om 11:00 bevestig word.

- Sondag 17 Januarie 2016 is die Hervormde Gemeente Ysterberg op Potgietersrus gestig. Sondag die 24ste Januarie, was die verkose kerkraadslede van 3 ouderlinge en 2 diakens in die amp bevestig. Die eredienstyd is Sondag om 8h00 in die CVO-skoolsaal.

Navrae kan aan die sekretariële beampte, Marie du Toit, gerig word.

Haar kontaknommer is 083 258 5259.

- GHG predikante gaan D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar kom om in diepte oor die doop te praat; alvorens daar gekyk sal word na nuwe formuliere. Enige saak wat u wil voorstel as gesprekstema rondom die doop, kan gestuur word na ds Wolmarans gimwol@yahoo.com.

- Daar is ernstige behoefte aan kort termyn hulp vir Vaalwater gemeente. Gemeentes wat 'n bedrag kan afstaan om te help met preekvergoeding, kan die geld in die Bond se rekening inbetaal en ons kassier, ouderling Tom Greeff, in kennis stel by tomcases@lantic.net.

Ons is oortuig R5 000 sal 'n goeie begin wees. Baie dankie dat ons op u steun kan staatmaak.

- Gemeente Meyerspark doen weekliks besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander

gemeentes. Skryf “Hervormd” of “GHG” by “Kerkverband” op die registrasie-vorm.

- Jongmense wat wil kwalifiseer as predikante moet as ‘n saak van dringendheid by die Kuratorium aansoek doen om as studente geakkrediteer te word. Op hierdie stadium is daar heelwat predikante in die Bond wat ouer as 55 is. Teen die tyd dat hulle aftree, sal die nuwe predikante reg wees om te begin werk. Die Kuratorium het onlangs nog ‘n student se aansoek om akkreditasie ontvang.

KENNISGEWINGS

Ons het die volgende brief ontvang

AAN: Alle gemeentes van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Bybelvasvra 2016

Soos in die verlede, gaan ons hierdie jaar weer ‘n Bybelvasvra aanbied in gemeente-, streeks- en finale rondteverband. Ons wil u en u gemeente hartlik uitnoui om aan hierdie geleentheid deel te neem. Elke gemeente stel hulle eie vraestelle op en hou die eerste rondte van die vasvra in die gemeente. Dan word die eerste twee spanne (of meer spanne indien u verkies) deurgestuur na die streeksronde. Met die streeksronde organiseer die leraars van die onderskeie gemeentes onder mekaar wie die vraestelle opstel en al die logistiek rondom die vasvra. Die twee wenspanne in elke afdeling (of meer spanne indien u verkies), vorder dan na die finale rondte. Met die finale rondte sal ekself die vraestelle en memorandumms aan die gemeente-leraars deurstuur. Die vraestelle word op Saterdag 27 Augustus 2016 per e-pos deurgestuur. Die gemeente-leraar maak afskrifte en die spanne skryf op die tye soos die gemeentes verkies, en die antwoordstelle word teen 20:00 op 28 Augustus 2016 aan my gestuur na bybelvasvra@geloofsbond.org.za

of gefaks na 086 625 9566. Uitslae van wenners word ‘n week later aan gemeentes en op sosiale media bekend gemaak.

1. Kategorieë:

Laerskool Graad 1 tot 7

Hoërskool Graad 8 tot 11

Ander Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

2. Spanne:

‘n Span bestaan uit twee tot ses deelnemers per span. Span moet ‘n spannaam hê en elke spanlid se naam, van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

3. Datums

Gemeentevsvra: 24 Julie 2016

Streeksvasvra: 14 Augustus 2016

Finaal: 28 Augustus 2016

4. Bestek:

Handelinge 1 tot 9. Handelinge 12 tot 16 en Handelinge 22 en 23.

Asook Sondag 23 (V&A59) tot Sondag 30 (V&A82) uit die Heidelbergse Kategismus.

5. Vraestelle:

Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

Veelvoudige keuse

Waar of vals

Vul die ontbrekende woorde in

Blokkiesraaisel

Kort 1-punt antwoorde

SLEGS by Hoërskool en Ander word ‘n afdeling bygevoeg met vroe wat twee of meer punte tel.

Geliewe my asseblief in kennis te stel of u gemeente aan die vasvra gaan deelneem en hoeveel spanne in watter kategorie gaan deelneem.

Gemeentes

Die leraar van elke gemeente moet my asseblief teen 30 Mei 2016 in kennis stel hoeveel spanne in die verskillende kategorieë gaan deelneem.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING by 018 381 1494.**

Streke

Die leraar wat die vasvra in streeksverband reël, moet my asseblief teen 30 Julie 2016 in kennis stel watter spanne aan die streeksronde gaan deelneem

Finale rondte

Die leraar wat die vasvra in streeksverband reël, moet my asseblief teen 17 Augustus 2016 in kennis stel watter spanne aan die finale rondte gaan deelneem.

Ek sien daarna uit om in hierdie verband van u te verneem.

Met dank

Ds. DA van Rooyen

Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Premiermyn Hervormde Kerk se jaarlikse Paasspel vind DV plaas op 11 Maart 2016. Almal is welkom om dit by te woon.
- Steve Hofmeyr tree op by Premiermyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016.

Beperkte sitplekke beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

•Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



23 April 2016 om 19:00
Hervormde Kerk, Cullinan
H/v Zonderwater & R515
R200-00 per persoon
Kerrie & Rys R30-00
Besprekings: Alta 082 682 1252

*JAARLIKSE GEMEENSKAPS
 PASSIE/SPEL
 ANNUAL COMMUNITY PASSION
 PLAY*

VIA DOLOROSA

IN CULLINAN

11 MAART/11 MARCH 2016

Alta 0826821252

Babie 0826083523

Almal welkom

Individue en gesinne welkom.
Kontak Yvette Otto vir oudisies en/
of navrae @ 0722237522